The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

DIE BURGER - BY & NAWEEK PLUS 2014/11/15 Page: 14

AVE: R 6461.90

‘Ester’ bring derduisende Suid-Afrikaners se realiteit tuis

Fiksie

’n Huis vir Ester
Carol Campbell
UMUZI, R162

Hierdie is Carol Campbell se tweede roman. Haar vorige boek, *Karretjiemense*, is verlede jaar baie goed ontvang. Beide boeke is oorspronklik in Engels geskryf en albei is puik deur Kirby van der Merwe in onopgesmukte Afrikaans vertaal.

Ester Gelderblom woon in ’n hok in oom Krisjan se jaart. Haar en haar vriend Katjie se name is al meer as 20 jaar op die behuisingslys, maar daar is nog geen sprake van ’n huis nie. Korrupte amptenare manipuleer die lys en gee voorkeur aan diegene wat hulle omkoop met geld of seksuele gunste.

Toe Katjie se hok een koue wintersnag afbrand, besluit Ester dit is nou genoeg. Die twee trek saam met hul gesinne in twee halfklaar munisipale huise.

Ester sê om ’n huis te kry “verander jou van ’n hond na ’n mens”.

Om in hokke en selfs in ’n pyp te bly en om geen lopende water en geen elektrisiteit te hê nie, is ’n realiteit vir honderdduisende Suid-Afrikaners. Al wat Ester en Katjie wil hê, is ’n huis met baksteenmure, elektrisiteit, ’n spoeltoilet en ’n



kraan – “selfs een enkele kamer is oukei”. Basiese dinge wat die meeste lesers as vanselfsprekend aanvaar.

Campbell probeer ’n brug bou tussen die arm mense van die Karoo en hul mede-Suid-Afrikaners. En sekerlik is dit wat die meeste mense wil hê – dat die mense van dié land mekaar beter sal verstaan.

Ester se wêreld is een van drankmisbruik, geweld, korrupsie en kinderverwaarlosing, een van gewetenlose *shack lords*, ’n wêreld waar mense van brood, soet koffie en opgekookte kool leef en waar ’n hoenderbraaipak ’n luukse is, ’n wêreld waar Katjie kinderlik opgewonde oor haar onwettige kragaansluiting sê: “Dis soos toor, mens druk ’n knoppie en dis helder soos daglig.”

Maar boweal beskryf dit hierdie mense se desperate pogings om uit die kringloop van armoede te ontsnap.

Dis moeilik om die boek neer te sit – dit lees soos ’n spanningsroman en jy kan nie wag om te verneem of Ester haar huis gaan behou en of sy uitgesmyt gaan word nie.

En gaan die korrupte amptenaar en sy seun wegkom, selfs met moord? – ***Elsabé du Toit*** *is ’n bibliotekaresse van Wellington.*